

Rambestuur vir optimale lamproduksie

Dr Frans Jooste



Ramme verteenwoordig 'n groot kapitale uitleg in elke kudde en optimale benutting van ramme beteken die grootste opbrengs op daardie kapitale uitleg. Met goeie rambestuur kan elke ram die maksimum aantal lammers moontlik verwek. Die lampersentasie (en uiteindelik die speenpersentasie) is die enkele faktor wat die meeste bydrae tot winsgewindheid van 'n veeboerdery. Goeie rambestuur is dus noodsaaklik vir winsgewende skaapboerdery.

Dit maak goeie ekonomiese sin om ramme voor die teelseisoen te ondersoek om te bepaal of hulle geskik sal wees om 'n normale aantal ooie dragtig te maak gedurende 'n teelseisoen van normale lengte. Dit is egter nie prakties moontlik om vrugbaarheid van ramme absoluut te voorspel nie, maar die risiko van onvrugbare ramme kan beperk word deur middel van 'n teelgeskiktheidsondersoek.

1. Die teelgeskiktheidsondersoek

Daar is 'n verskil tussen "Vrugbaarheid" en "Teelgeskiktheid". Vrugbaarheid verwys na 'n toestand waar daar absoluut geen twyfel bestaan dat 'n ram die maksimum aantal lammers sal verwek gedurende die komende teelseisoen nie en dit is nie moontlik om dit te voorspel nie. Teelgeskiktheid verwys daarna dat, deur die gebruik van beproefde toetse en die stel van minimum standaarde, dit moontlik is om 'n besluit te maak ten opsigte van die teelpotensiaal van 'n ram. 'n Ram wat aan die minimum standaarde voldoen word beskryf as teelgeskik en die ondersoek staan bekend as 'n teelgeskiktheidsondersoek en verminder die risiko dat 'n ram onvrugbaar of sub-vrugbaar kan wees. Alle ramme wat verseker of verkoop word behoort aan 'n teelgeskiktheidsondersoek onderwerp te word.

Spermelontwikkeling oftewel die produksiesiklus van sperme, neem ongeveer 60 dae om te voltooi. Dit is dus raadsaam om teelgeskiktheidsondersoeke ten minste 6-8 weke voor die teelseisoen te doen. Dit laat tyd toe om tydelike probleme op te los of om vervangingsramme aan te koop indien dit sou nodig wees.

'n Teelgeskiktheidsondersoek sluit die evaluasie van die algemene gesondheid van die ram, liggaamskondisietelling en 'n ondersoek

van die geslagsstelsel deur 'n ervare veearts in. Dit behels die visuele ondersoek van die penis, skede en die skrotum, palpasie van die skrotale inhoud om die testikulêre tonus en -letsels te evalueer, en meet van die skrotale omtrek asook die ondersoek van 'n semenmonster. Ramme word na afloop van die toetse geklassifiseer as "teelgeskik", "tydelik ongeskik" of "nie teelgeskik". Dekbehendigheids-toetse word nie as roetine gedoen nie.

1.1 Skrotale omtrek

Skrotale omtrek word algemeen in ramme gebruik omdat dit nou gekorreleer is met testikulêre volume en spermselfproduksie. Skrotale omtrek behoort meer as 32cm te wees in ramme, maar 'n mens moet versigtig wees om nie skrotale omtrek op sy eie te evalueer nie. Met die intrepetasie van skrotale inhoud behoort alle faktore wat dit kan beïnvloed, soos ouderdom, ras, seisoen, testikulêre tonus, voedingstatus (veral protein voeding), parasiete, gesondheidstatus, reprodusiesiegeskiedenis asook abnormaliteite in ag geneem te word.

1.2 Testikulêre tonus

In diere wat teelgeskik is, behoort die testikulêre tonus ferm en elasties te wees. Sagter of pap testes kan wees as gevolg van die seisoen, ouderdom, beserings of siektes. Ondervoeding en hittestres kan ook sagte testes tot gevolg hê. Ramme met pap testes produseer swak semen. Harder as normale testes kan onder andere wees as gevolg van ouderdom of ou beserings.

1.3 Testikulêre letsels

Abnormaliteite aan die byballe van ramme is redelik algemeen en dit is gewoonlik as gevolg van bakteriële infeksies uit die omgewing. Baie jong ramme word aangetas deur 'n groep organismes wat bekend staan as HPA besmetting. Dit gebeur veral met ramme op hoë konsentraat voeding. Hierdie besmetting kan tydens die mikroskopiese ondersoek van 'n semensmeer waargeneem word as etterselle in die semen. Alhoewel die oorgrote meerderheid van jong ramme genees kan word of self van die infeksie ontslae kan raak, ontwikkel 'n klein persentasie egter permanente letsels in die byballe.

Brucella ovis infeksie veroorsaak ook soortgelyke letsels as HPA besmetting in die byballe van skape. Dit is baie belangrik om *B. ovis* infeksie te onderskei van HPA besmetting. Ramme wat met *B. ovis* besmet is kan nie genees word nie en hulle moet geslag word. Letsels wat veroorsaak word deur *B. ovis* word gewoonlik in ouer ramme gesien en in jonger ramme wat wel besmet is maar nog nie letsels vertoon nie of subkliniese draers van die siekte, en is 'n belangrike bron van besmetting in 'n kudde. *B. ovis* infeksie word bevestig deur middel van 'n serologiese toets van 'n bloedmonster wat getrek word by 'n ram. In kuddes waar *B. ovis* infeksie voorkom veroorsaak dit 'n verlagings in lampersentasie van ongeveer 20-30 persent en in kuddes wat vir die eerste maal besmet word is die verlagings in lampersentasie veel meer. Dit is dus voor die hand liggend dat boere seker moet wees dat geen ramme op die plaas besmet is met *B. ovis* nie, aangesien dit baie groot ekonomiese verliese tot gevolg het. 'n Entstof teen *B. ovis* is beskikbaar en alle ramlammers behoort tussen die ouderdom van 4-6 maande teen die siekte geneem te word.



1.4 Letsels aan die penis

Dit is belangrik dat die penis goed ondersoek word gedurende 'n teelgeskiktheidsondersoek. Beserings aan die penis is algemeen. Dit is ook belangrik om letsels wat as gevolg van peestersiekte veroorsaak word vroegtydig te identifiseer.

1.5 Semenevaluasie

Semenmonsters kan deur middel van 'n kunsvagina of 'n elektro- ejakulator kollekteer word. Gewoonlik word 'n elektro- ejakulator gebruik vir roetine ondersoek, waar ramme nie geleer is om in 'n kunsvagina te werk nie. Toetse wat gedoen word tydens 'n volledige semenevaluasie sluit die makroskopiese voorkoms van die semen asook die mikroskopiese evaluasie in. Tydens mikroskopiese ondersoek moet individuele spermselbeweging, spermselmorfologie en die teenwoordigheid van vreemde selle in die monster ondersoek word. Ramme met aanvanklike swak morfologie kan eers weer oor 6-8 weke herondersoek word.

2. Rambestuur

Noukeurige bestuur is noodsaaklik om die reproduksiesukses van enige kudde te verseker. Ramme word baie maal afgeskep buite die dekseisoen, maar konstante aandag behoort aan ramvoeding, parasietbeheer en algemene siektebeheer gewy te word. Ramme moet fiks wees met goeie geslagsdrang en moet lewendig en wakker wees. Dit is goed as die ramme so vir halfuur vroeg oggend en laat middag kan stap. Let op vir dominasie onder ramme. Dominante ramme kan ander ramme weg hou van ooie.

2.1 Entingsprogramme, ontworming, voeding en skeer

Aangesien dit ongeveer 60 dae neem vir 'n spermsel om gevorm te word, volg dit dat alle inentings voor hierdie periode voltooi moet wees. Dit geld veral vir lewendige entstowwe (soos bloutongentstof en lewendige slenkalkoorsentstof) wat 'n koorsreaksie tot gevolg kan hê. Indien 'n ram 'n koorsreaksie teen 'n entstof ontwikkel neem dit ongeveer 2 maande voordat die ram se vrugbaarheid volledig herstel.

Ramme behoort volledig ontworm te word voor die teelseisoen en aangesien dit verwag word dat ramme kondisie gaan verloor gedurende die teelseisoen, behoort die kondisietelling van ramme nie minder as 3,5 uit 5 te wees met die aanvang van die teelseisoen nie. Ramme moenie te vet gemaak word nie aangesien dit ook vrugbaarheid nadelig beïnvloed. Vitamine en minerale tekorte behoort aangespreek te word voor die teelseisoen begin.

Dit is raadsaam om ramme af te skeer voor die teelseisoen sodat hulle die teelseisoen binnegaan met kort wol. Dit vergemaklik dekking en ramme met korter wol is meer aktief, veral gedurende warm periodes.

2.2 Verhouding van ramme tot ooie

'n Gesonde, vrugbare, ervare ram kan soveel as 100 ooie in 'n teelseisoen dek. Daar is egter 'n paar faktore wat 'n rol speel en bepaal hoeveel ooie 'n ram kan dek in die teelseisoen. Die ouderdom van 'n ram is belangrik in hierdie opsig. Ouer, ervare ramme dek meer ooie as jong, onervare ramme. Gebruik altyd ervare ramme om jong ooitjies wat die eerste maal gepaar word te dek omdat jong ooie 'n korter hitteperiode het. Gebruik jonger ramme eerder op volwasse ooie.

Die topografie van die kamp waarin ooie gedek word en die seisoen is ook van belang. Plat, vlaktekampe is meer geskik vir paring as kampe met baie rante en berge. Kleiner kampe help

ook dat ooie nie oor 'n groot area verspreid is nie en dit verhoog die kontak tussen ramme en ooie. Meer ramme is nodig vir groot kampe en kampe met ongelyke topografie waar diere oor groot areas verspreid is. Gedurende die somer, wanneer temperature hoog is, is skape minder aktief gedurende die warmste tye van die dag. Daar is dus meer ramme nodig om ooie wat op hitte kom vinnig te kan identifiseer en te dek.

Die hoeveelheid meerlinge kan verhoog word indien ooie herhaaldelik gedek word gedurende dieselfde hitteperiode. Indien meer ramme, of ramme met hoë geslagsdrang gebruik word, verhoog die kans dat 'n ooi herhaaldelik gedek word en kan die persentasie meerlinge verhoog.

In die grootste dele van Suid Afrika word ekstensief met skape geboer. In sulke omstandighede, waar kampe groot is en waar die topografie normaalweg nie eenvormig is nie, behoort ten minste 2 persent ramme (in die geval van ervare, volwasse ramme) of 3 persent ramme (in die geval van jonger ramme) gebruik te word.

3. Telingsbestuur

Ramme word gewoonlik by ooie gesit vir 2-3 hitesiklusse met natuurlike paring. Indien aanvaar word dat die hitesiklus van 'n ooi ongeveer 17 dae is, word ramme vir ongeveer 35 tot 50 dae by ooie gelos. Daar word gemik om ten minste 80 persent van ooie gedurende die eerste hitesiklus dragtig te kry. Hoe gouer ooie dragtig raak hoe korter is die lamperiode en hoe meer eenvormig is die groep lammers wat gebore word. Koggelramme is 'n nuttige bestuurshulpmiddel om ooie siklies te kry en te sorg dat ooie vroeg in die teelseisoen beset raak deurdat koggelramme 'n sinchroniserende effek op ooie het.

Wanneer die hitteperiode van ooie gesinchroniseer word met hormone, verhoog die rambehoefte drasties indien natuurlike dekking toegepas word. Indien gesinchroniseerde ooie gedek moet word is die aanbeveling dat een vrugbare, dekbehendige ram per 5-10 ooie gebruik word.

Die rambehoefte verminder met kunsmatige inseminasie. Met laparoskopiese inseminasie kan tot soveel as 200 ooie per dag met 'n enkele ram insemineer word.

Dit is moontlik dat ramme mankhede kan ontwikkel, beserings of ander gesondheidsprobleme kan opdoen gedurende die teelseisoen. Dit is dus belangrik dat ramme gereeld inspekteer word gedurende die teelseisoen sodat probleme vroegtydig identifiseer kan word en aangetaste ramme vervang kan word indien dit nodig is.

Dr. Frans Jooste, 083 5757 606, fransjooste@gmail.com

